DEEL 115 | WEEK 34 | 25 AUGUSTUS 2023 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR.



# Maak die Wildebeeste almal Bokke!

Saterdag was die spanning in die lug op die Hoërskool Heilbron se rugbyveld tasbaar. Op die veld is die skool se eerste rugbyspan, die Wildebeeste, besig om sy eweknie van Westonaria in die SDC-eindstryd aan te vat. Dit is 'n oomblik van die wedstryd waar elke besluit, elke beweging en elke uitvoering daarvan presies gedoen moet word. Daar is nie ruimte vir foute nie.

Op die paviljoen sit die toeskouers op die punt van hul sitplekke. Hul oë is op die veld gevestig en alhoewel niemand dit sê nie, klop almal se harte dieselfde ritme: Hou, Bronnies, hou!

Die telbord vertel die volle verhaal. 33 punte teenoor 29 is wat mens van 'n SDC-kleinskole eindstryd verwag.

Die Hoërskool Westonaria het nie al die pad gekom om te verloor nie. Hulle veg verwoed nog voort - vyf meter vanaf Heilbron se doellyn. As hulle nóú punte aanteken, gaan die beker Wes-Gauteng toe.

Maar die Wildebeeste het dieselfde doel voor oë: om te veg tot die einde.

In 'n laaste beweging fouteer die besoekers en die bal glip oor die kantlyn.

Die skeidsregter blaas sy fluitjie om die einde van die geveg aan te dui en die paviljoen ontplof soos wat horde trotse Bronnie ondersteuners die oorwinning vier: vir die volgende 365 dae sal ons amptelik bekend staan as die SDC-kleinskole kampioen!

'n Prestasie wat die skool in 2019 laas bereik het.

Die kaptein, Ernst Stemmet, word as speler van die wedstryd aangewys. Hy ontvang die trofee namens sy wittrui-troepe en elkeen word met 'n medalje beloon.

Die reuk van die vreugdevure hang Saterdagaand tot ounag toe oor Heilbron en Sondag sluit die Wildebeeste hul seisoen op 'n gepaste wyse af deur die erediens in die NG Moederkerk as span saam by te woon. Die manne se lywe is styf en seer, maar in hul oë glinster dieselfde triomf: hou die doel voor oë!

Punte tydens Saterdag se eindstryd is aangeteken deur:

Drieë: Ernst Stemmet en Marnus Labuschagne

Doelskoppe: Rele Moekoena

*Foto erkenning: André Pretorius Fotografie*









# SMALLS

# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937; of the intension to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T13384/2008**
Passed by:
**THE EXECUTOR OF THE ESTATE LATE FRANS JOHANNES VAN AARDT**
**ESTATE NUMBER 2639/2007**
In favour of:
1. **JOHANNA JACOBA VAN AARDT**
 **Identity Number: 590424 0073 088**
 **Widow**
2. **EMMERENTIA ELIZABETH DE KLERK**
 **Identity Number: 670916 0028 088**
 **Married out of community of property**
3. **MARGARETHA MULLER**
 **Identity Number: 690407 0012 080**
 **Married out of communiy of property**
4. **LORINDA VAN AARDT**
 **Identity Number: 701114 0014 085**
 **Unmarried**
4. **CELESTE BRONKHORST**
 **Identity Number: 720506 0064 084**
 **Married out of community of property**

in respect
1. **ERF 357 HEILBRON**
 **DISTRICT HEILBRON**
 **PROVINCE, FREE STATE**
 **IN EXTENT 870 (EIGHT HUNDRED AND SEVENTY) SQUARE METRES**
 **HELD BY DEED OF TRANSFER**
 **NUMBER T13384/2008**

Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON on the 25th day of AUGUST 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: DEK3/0001/JHJ/mp**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937; of the intension to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T13385/2008**
Passed by:
**THE EXECUTOR OF THE ESTATE LATE FRANS JOHANNES VAN AARDT**
**ESTATE NUMBER 2639/2007**
In favour of:
1. **EMMERENTIA ELIZABETH DE KLERK**
 **Identity Number: 670916 0028 080**
 **Widow**
2. **MARGARETHA MULLER**
 **Identity Number: 690407 0012 080**
 **Married out of community of property**
3. **LORINDA VAN AARDT**
 **Identity Number: 701114 0014 085**
 **Unmarried**
4. **CELESTE BRONKHORST**
 **Identity Number: 720506 0064 084**
 **Married out of community of property**

in respect
1. **ERF 359 HEILBRON**
 **DISTRICT HEILBRON**
 **PROVINCE, FREE STATE**
 **IN EXTENT 1160 (ONE THOUSAND ONE HUNDRED AND SIXTY) SQUARE METRES**
 **HELD BY DEED OF TRANSFER**
 **NUMBER T13385/2008**

Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON on the 25th day of AUGUST 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON,**
**9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: DEK3/0001/JHJ/mp**

## NOTICE OF APPLICATION FOR AN ENVIRONMENTAL AUTHORISATION AND WATER USE LISENCE FOR THE PROPOSED CONSTRUCTION OF A SEWER PIPELINE IN HEILBRON/PHIRITONA INDUSTRIAL CONNECTION IN THE NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

Notice is hereby given in terms of GN R982 to R985 in GG 38282 of 4 December 2014 as amended under the National Environmental Management Act, 107 of 1998 to apply for environmental authorisation for the following:
• GN R983: Activity 19 – excavation, etc., of more than 10 m3 from a watercourse.
• GN R985: Activity 14 – The development of – (ii) infrastructure with a physical footprint of 10m² or more where such development occurs – (aa) Inside urban areas.
Notice is also given in terms of National Water Act 36 of 1998 for a Water Use Licence application regarding Section 21(c) and (i) for the impeding or diverting or altering of a watercourse.

**LOCATION**
The general GPS coordinates are from –27°16'54.32"S & 27°57'39.28"E to – 27°15'59.33"S & 27°57'46.18"E.

**PUBLIC INFORMATION**
Interested and Affected Parties are invited to register and submit comments on the proposed development to EnviroMatrix by 29 September 2023. For further information, please contact: Renier Binneman; Cell 066 485 3275;
E-mail: renier@emtrix.co.za.




# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

# TE KOOP

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**TE KOOP**
Voer te koop.
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
K0597

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**

**VOERBALE**
Voerbale om
TE KOOP/
GEVRA.
*Skakel*
*083 456 6789*

**TE HUUR**
3 Slaapkamerhuis in Petrus Steyn vanaf 1 Oktober 2023.
*Skakel*
*083 237 3444*

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.**

**Kontak gerus vir Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

# UIT DIE PEN: *Week 34 van 2023*



Ek het gereeld in my ouers se buitekamer gaan rondkrap. Vir my, laerskooldogtertjie, was dit 'n avontuur. Ander kinders het mekaar met ketties geskiet, cowboys en kroeks gespeel, en tou gespring, poppe aan- en uitgetrek. Maar ek was in die buitekamer.

My oudste boet het die jaar toet se ou Huisgenote in datum volgorde gebind. Ek het dit letterlik vanaf die voorblad tot by die laaste punt in die sigaret advertensie op die agterblad gelees. Onthou julle vir Maans en Jors? Hulle het my eindelose plesier verskaf.

Daar was ook 'n paar van my twee broers se ou skoolboeke. Jan se wiskunde- en rekeningkundeboeke het vir my geen sin gemaak nie, ook nie die skeinatsomme nie. (Dit het darem, teen die tyd toe ek die vakke gehad het, meer bekend geraak.)

Johan se opstelboeke het my ure plesier verskaf. Ek het dit oor en oor gelees. Daar was twee opdragte wat in elke jaar, vanaf graad 10 – 12 voorgekom het: "Wie is my naaste?" en "Die ontvolking van die platteland."

Later, toe ek moes begin om langer opstelle te skryf, het hierdie twee opstelle, en die inhoud daarvan my bygebly en ek kon dit in sommige gevalle, in verskeie opstelle, gebruik.

Die dag toe ek my by my klein Oos-Vrystaatse dorpie bevind en die skool instap, gee ek ewe skielik nie nét die vak waarin ek gekwalifiseerd was nie. Ek gee Lewenswetenskappe, Sosiale wetenskappe (Geskiedenis), Natuurwetenskappe, Wiskunde, en Afrikaans.

Oor die Afrikaans is ek nogal opgewonde, want ons kan opstelle skryf. My eerste opstel aan hulle is getiteld: "Die ontvolking van die platteland."

Hulle het geen woord daarvan verstaan nie, want hulle was inwoners van die platteland en, tot op daardie tydstip, het dit glad nie ontvolk nie. Volgens hulle.

Maar dit was lank gelede.

Saterdag ry ons vanaf Pretoria Welkom toe om te gaan skiet. Teikens, nie bokke nie. Wel, die teiken het 'n bokprentjie op, maar dit daargelaat. Parys lyk redelik goed. Dalk omdat dit 'n aftreedorp is en met sy baie oudhede winkels, 'n trekpleister is. Ek weet nie hoe dit buite die dorp lyk nie.

Van daar af deur Vredefort. Lyk nog maar amper soos dit twee jaar gelede gelyk het. Die hoofstraat lyk maar sleggerig met gemors wat op die sypaadjies lê en mense wat parkeer soos wat hulle graag wou, sonder om ander in ag te neem.

Vanaf Vredefort ry ons net langsaan Kroonstad verby op pad Welkom toe.

(Dit laat my dink aan jare gelede: toe ons in ons klein Oos-Vrystaatse dorpie gebly het, het ek 'n deel van my stoep met mosaiekteëls verfraai. Ek het teen die kant "Welkom!" uitgepak en die teëls vasgeplak. My bediende het gevra hoekom ek "Welkom" skryf as ons nie in Welkom bly nie.)

In die sakesektor is die paaie effens uitgery, 'n slaggat hier en daar. Die beboude gedeelte lyk goed, met gesnyde grasperke. Sommige huise het nie tuine of gras nie, wat dalk nog 'n oorblyfsel is van Welkom se waterbeperkings.

Ons ry met 'n agterpad verby die township. Alhoewel dit 'n openbare pad is, is min van die pad te sien. Rommel lê in hope weerskante langs die pad. Ek wonder by myself wie die werfetter is wat begin het om die rommel daar te strooi en wie so simpel is om daarmee voort te gaan. Sien hulle nie hoe vieslik dit lyk nie?

Ons is verby Hennenman en Ventersburg, na Senekal. Die strate hier lyk mooi, baie min slaggate en dit lyk of die inwoners hier 'n verskil maak.

Verby Paul Roux waar ons die dorp aan die linkerkant sien en die township aan die regterkant. Die pad daar is sonder slaggate.

Ons kom Bethlehem binne en my hart sak in my skoene. Die strate lyk vieslik, rommel lê die hele wêreld vol. Daar staan mense op die sypaadjies en eet, en los hulle kartonne en leë blikke net daar. En dit pla niemand nie!

Met die groot kruising waar jy links Reitz toe kan gaan en regs na Kestell, moet jy soos 'n wafferse off-road bestuurder navigeer, anders skud jy die laaste bietjie lug uit jou longe en soortgelyke organe uit.

Die volgende dag ry ons vanaf ons Oos-Vrystaatse dorpie terug Pretoria toe. Op pad na Reitz toe lyk dit nog erger. Gelukkig is daar geen rommel nie. Maar daar is ook geen pad nie. Vir die eerste 10 kilometer het ek gedink dit lyk erg, maar van daar af het ek nie kon verstaan hoe enige kontrakteur of enige Paaiedepartement trots sou wees op hierdie stuk gemorspad nie.

As ek reg is, is hierdie pad tussen 2013 en 2015 herbou. Ek kan 'n geleentheid onthou toe ek op pad was na Reitz: daar was 'n ouerige tannie met 'n kruiwa en 'n primusstoof wat gate gevul het. Of sy die kontrakteur was en of sy net gehelp het, kan ek nie met sekerheid sê nie.

Maar ek kan wel met sekerheid sê waarom mense eerder na groter dorpe, wat goed bestuur word (is daar sulke dorpe?) of stede trek. Dit is ten minste netjieser, sommiges se munisipaliteit werk (effens) en hulle kyk na strate en paaie.

Terwyl ons op pad is na Reitz, sê ek: "Hierdie kan mos nie waar wees nie!" Want ek kan nie glo dat die platteland (dalk orals?) so tot niet gaan nie.

Dit was dalk effens voortydig om in die jare tagtig 'n opstel te kon skryf oor die "Ontvolking van die platteland". Want ek sien dit tans gebeur.

Vandag se les is om te sorg dat ten minste die deel waarin jy leef en beweeg, netjies is en netjies gelos word. Tel die papier op, as jy 'n gat sien, probeer dit ten minste toegooi voordat dit nog groter word.

Ek weet laasgenoemde is nie jou werk nie.

Maar as ek so rondom my kyk, smaak dit vir my dat dit niemand se werk is nie.

# INSPIRASIE RESEPTE - Pasch du Plooy

**An easy, and tasty lunch!**

If you're short on time, this is the recipe for you. This recipe works well with any steak cut, but I prefer Sirloin. Sirloin is easy to butterfly and has that extra bit of fat that contributes so much flavour to any dish. My spice mixture adds exotic Cuban flavours to the sirloin and works well with the fresh salsa. Paired with a chilled Chardonnay you will be well on your way to enjoy a delicious lunch!

**GRILLED AMAZI FLATBREADS WITH CHARRED STEAK AND FRESH SALSA**

Preparation time – 1 hour
Cooking time – 30 minutes
Serving – 4 – 6 people

**Ingredients for the Amazi flatbreads**

2 cups self-raising flour
1 teaspoon baking powder
300ml Amazi
1 teaspoon salt
Extra flour for kneading

**Method for the Amazi flatbreads**

In a large mixing bowl, sift the flour, baking powder and salt together. Now use a wooden spoon and mix in the Amazi to form a wet dough, Place the dough on a surface sprinkled with flour and work the dough with extra flour to form a ball. Divide the dough into 4-6 evenly sized balls and cover. Roll the balls out on a floured surface, about 8 cm x 12 cm long and about 3 mm thick. Use a sharp knife and cut 5-6 x 3 cm slices in the middle of each bread. Heat a griddle pan. Now brush the pan with oil and grill each bread on both sides for 1-2 minutes until cooked. Remove the bread from the pan and brush the bread with the sundried tomato butter.

**Ingredients for the sundried tomato butter**

100g butter
1 clove garlic, chopped
5 -6 dried tomatoes in oil, chopped
1 teaspoon dried Italian herbs

**Method for the butter**

Combine all the ingredients in a small pot. Place the pot on medium heat until the butter has melted. Boil for 30 seconds, remove the pot from the heat and brush the butter over flatbreads before serving.





**Ingredients for the charred steaks**

2 x 250g sirloin steak, butterflied
Sea salt for serving

**Spice mix**

1 teaspoon ground cumin
1 teaspoon paprika
½ teaspoon chilli flakes
1 teaspoon brown sugar
1 teaspoon fine salt

**Method for the steak**

Mix all the spices for the spice mix together and rub the steak all over. Use the same griddle pan as for the flatbreads. Brush the pan with oil. Make sure the pan is smoking hot and grill the steaks 30 seconds on each side. Remove from the heat, rest the steaks for 5 minutes before slicing. Now slice into 1 cm thick slices. Season with sea salt.

**Ingredients for the fresh salsa**

1 Avocado, diced
1 block of feta crumbled
1 bunch mint chopped
1 bunch coriander chopped
½ red onion, diced
2 medium tomatoes, diced
Juice of 1 lime
¼ cup olive oil
A good pinch of sea salt
A good dash of Tabasco sauce

**Method for the fresh salsa**

In a mixing bowl, combine all the ingredients and mix well. Refrigerate until use.

**How to serve**

Served on a platter with Amazi flatbreads, sliced steak and salsa. Drizzle with olive oil and some extra lime on the side

**Chefs note:**

Save this bread recipe, you will use it again, I promise.


**NG KERK HEILBRON - MOEDERGEMEENTE**
**VAKANTE SKRIBAPOS**

Die Kerkraad van bogenoemde gemeente adverteer die skribapos in biddende afhanklikheid van die Here.

**Sluitingsdatum:** Donderdag: 31 Augustus 2023
**Werksure:** Maandag tot Vrydag – 08:00 tot 13:00

**DIE GESKIKTE KANDIDAAT**
Enige lojale en meelewende lidmaat van die Ned Geref Kerk, nie ouer as 40 jaar nie, is welkom om vir die pos aansoek te doen. Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

**VEREISTES**
**Die volgende vereistes is ononderhandelbaar.**
• Betroubaarheid.
• Pastelvaardigheid.
• Hantering van salarisse en lone deur Pastel Payroll.
• Goeie kennis van boekhouding.
• Sterk administratief.
• Beskikbaarheid gedurende naweke.

**VERGOEDING**
'n Mededingende vergoedingspakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**AANSOEKE:** Alle aansoeke word gerig aan ds Braam van Zyl by – braam@ngheilbron.co.za

Die Kerkraad behou homself die reg voor om geen aanstelling te maak, indien daar nie 'n geskikte kandidaat is nie.


# Kaitlyn skitter by Freestate SAWMGA

Kaitlyn Potgieter, dogter van David en Fransie Potgieter, het onlangs die aandag van toeskouers getrek gedurende haar deelname aan die Freestate SAWMGA (South African Western Mounted Games Association) kompetisie in Bethlehem. Met 'n skitterende vertoning het Kaitlyn nie net haar talent gewys nie, maar ook die vaandel van die klub Maluti Western Riders hoog gehou. Dit was 'n besondere geleentheid vir Kaitlyn, aangesien dit haar aller eerste keer was wat sy aan so 'n prestigeryke geleentheid deelgeneem het. Saam met haar betroubare perd, Toffee, het Kaitlyn die arena vasberade betree. Die dag het goed afgeskop en Kaitlyn het twee eerste plekke behaal in die "Barrel race," sowel as in F en Fig 8 items. Sy het ook 'n tweede plek in Poles II behaal en 'n derde plek in Big T. Met die eerste suksesvolle deelname aan die Freestate SAWMGA kompetisie het Kaitlyn Potgieter ongetwyfeld 'n duidelike merk gemaak. Sy het bewys dat selfs 'n nuweling kan uitstaan en die kompetisie domineer. Ons kan sekerlik verwag om nog baie groot dinge van Kaitlyn en haar geliefde perd, Toffee, in die toekoms te hoor.




Free State Regionals 2023



Free State Regionals 2023


CHANCE OF A LIFE TIME



You can buy property in Heilbron where you can comfortably live in your cosy home while you run your business in another building on the same property!

Thys Campher ESTATES EIENDOMME

Contact: Jennifer Sharpe-Scott
Tel: 016 3511 678 | Cell: 083 356 1352
email: jedi007@telkomsa.net



DE VRY DISTILLERY

UPCOMING SPECIAL EVENTS
Limited seating, bookings essential!

**Free State Harvest Table Lunch:**
Sunday 27 August, 1 October, 29 October and 26 November

**De Vry Gourmet Nose to Tail event:**
Saturday 26 August

**Heritage Day Rum and Roast:**
24 September

**Springboks' vs Scotland: Outdoor big screen, picnic and taco night:**
23 September 17:00 till late

Email tastingroomdevrydistillery.co.za or send a WhatsApp to 072 606 3960

DEVRYDISTILLERY.CO.ZA



SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cillier Street, Heilbron 060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

HERALD Gemeenskapsnuus

# Distrik Landbou-Unie afsluiting



Saterdagaand die 19de Augustus het die Distrik Landbou-unie hul jaarafsluiting gehou te Vegkop Slagveldterrein.

Botter het gesorg vir die musiek en optrede. Daar was heerlik gedans en gekuier. La Oma Slaghuis het hul weereens oortref met die heerlikste spitbraai en bykosse.

Gerrit Viljoen het namens die Gottenburg Boerevereniging, wat as Boerevereniging van die Jaar aangewys is die trofee in ontvangs geneem.

Eerbewyse is aan die volgende persone toegeken: Johann Stadler, John Keogh, Rosemary Broodryk, Koot Naudé en Tommie Esterhuyse.

*Op die foto vl: Johann Stadler, Gerrit Viljoen (Voorsitter van Gottenburg Boerevereniging), John Keogh, Rose Broodryk (Sekretaresse van Heilbron Distriks Landbou Unie), Cassie Muller (Voorsitter van Heilbron Distriks Landbou Unie), Koot Naudé en Tommie Esterhuyse.*

# "Ngwathe amptenary nie verbind tot dienslewering" - Minister van Waterwese

"Ten spyte van ingrypings deur die Departement van Water en Sanitasie in Parys om dienslewering te aansien van watervoorsiening te verbeter ontvang die waterkrisis wat daar heers nie die dringende aandag wat dit verdien nie," skryf Senzu Mcunu, Minister van Water en Sanitasie onlangs in 'n brief aan Vryheidsfront LP Tammy Breedt in antwoord op 'n navraag van haar namens die party se munisipale koukus aan hom gerig.

"Unfortunately, these interventions are not reaping the intended rewards yet due to the officials of Ngwathe LM not being committed to the process. The slow procurement of services by the Supply Chain Management department of Ngwathe LM is exacerbating the dire water supply situation in Parys. The procurement of the generator for the Parys Water Treatment Works (WTW) and the appointment of a contractor for the refurbishing of the Parys WTW are two items which will make considerable progress towards a more stable water supply to the residents of Parys, but the appointments for these interventions are delayed for months already," skryf hy verder.

"Die Ngwathe waterprobleme is egter nie net tot Parys beperk nie – veral Vredefort en Koppies ervaar ewe groot probleme met watervoorsiening en inwoners moet soms weke sonder water klaarkom," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. 'n Ligpunt vir Parysenaars is dat die uitvoerende burgemeester, raadslid Victoria De Beer-Mtombeni, verlede Dinsdag aangekondig het dat 'n kontrakteur uiteindelik aangestel is om die herstel en verbetering van die Parys waterwerke te hanteer. Die projekkoste beloop ongeveer R66m.

Daarbenewens is 'n kontrakteur ook ten einde laas aangestel om 'n kragopwekker vir die watersuiweringswerke te voorsien. Derdens is 'n kontrakteur aangestel om 'n uitgediende asbes pyplyn van 15 kilometer wat gereeld bars, te vervang. Die burgemeester het tydens haar media inligtingsessie duidelik gemaak dat kontrakteurs voortaan onder veel strenger toesig sal moet werk. Daar sal by tydskedules en begrotings gehou moet word. "Die Vryheidsfront Plus is versigtig optimisties dat die nuwe strenger houding wat teenoor kontrakteurs ingeneem word, positiewe resultate sal bring. Ons sal egter moet wag om te sien of die daad inderdaad by die woord gevoeg gaan word," sê raadslid Van der Merwe.

# Kortings op erf-belasting - tyd loop uit!

"Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2023 begin het, sal nou onverwyld hul aansoeke vir die afslag moet doen voor die sperdatum van 31 Augustus 2023," sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R9 120,00 per maand. Kortings word as volg bereken: op inkomste van R0,00 tot R4 700,00 per maand: 100% - op inkomste van R4 701,00 tot R5 400 per maand: 60% - op inkomste van R5 401,00 tot R8 370,00 per maand 30% en op inkomste van R8 371,00 tot R9 120,00 per maand: 15%.

Aansoekvorms vir die korting is by die munisipale kantore beskikbaar en aansoeke kan vanaf 1 Julie 2023 ingedien word. "Pensioenarisse word aangeraai om hul aansoeke in duplikaat voor te berei sodat hulle 'n ontvangserkemnning op die duplikaat kan laat aanbring wanneer die aansoek ingedien word," beveel raadslid Van der Merwe aan.

Nie-winsbejag organisasies wat kan kwalifiseer vir kortings moet ook voor 31 Augustus aansoek doen. Instansies wat die sperdatum mis sal moet wag tot Julie 2024 voordat aansoeke weer ontvang en oorweeg sal word.

# Huldeblyk - Chris Smith -

• *Willem Bester*

Ek bring hulde aan 'n ikoon in die wolbedryf. Hy het goeie ondervinding opgedoen in Durban en kon ons baat vind by sy kennis.

Hy is verplaas Edenville toe en het by W.G.A gewerk. Daar het hy 'n area van Kroonstad tot Heilbron gedoen. Vandaar het ons 'n vriendskapsband van 60 jaar gesmee.

Hy was 'n rustige mens met 'n goeie sin vir humor. In sy werk was hy uiters stiptelik.

Ongelukkig het ons geen toegang tot hom gehad die afgelope 5 jaar nie en kon ons nie afskeid neem nie.

Ons sal vashou aan die kosbare herinnerings.

# Dwelmverkope aan minderjariges

## Genoeg is genoeg

'n Gesamentlike poging deur die gemeenskap het op Sondag 20 Augustus plaasgevind toe talle inwoners van Sandersville, en die omliggende areas bymekaar gekom het vir 'n vergadering, om op te tree teen die groeiende plaag van dwelmverkope aan minderjariges. Gemeenskap-lede het saamgekom om 'n plan te beraam en die dwelmverkopers te waarsku om op te hou met hul skadelike verkope. Verskeie mense, van alle ouderdomme en agtergronde, het op Sondag 11 huise van dwelmverkopers besoek om 'n sterk boodskap oor te dra: die gemeenskap is vasbeslote om die toestand aan te spreek. Die situasie het egter 'n onverwagse wending geneem toe sommige individue die grense van die gemeenskap se besluit wou oorskry. Daar is berigte van vernietiging van sinkhuise, tussen diegene wat hul besorgdheid wou uitspreek aan die dwelmverkopers. Dit het Maandagoggend tot 'n hoogtepunt gekom toe 'n dwelmverkoper na 'n lid van die gemeenskap se huis gegaan het en sy vrou met 'n wapen gedreig het. Die vrou van die betrokke persoon het die toneel ontvlug en hulp van die gemeenskap ingeroep. Die gemeenskap, wat genoeg gehad het van die dreigemente en geweld, het die polisie ingelig en is na die huis van die beweerde dwelmverkoper. Sasolburg polisie is ook na die toneel ontbied. Intussen het 'n inwoner bevestig dat 'n 17-jarige seun Maandagmiddag gearresteer is met 'n ongelisensieerde vuurwapen. Dit blyk dat hierdie voorval verband hou met die toenemende spanning in die gemeenskap. Hy het op Woensdag 23 Augustus in die hof verskyn.

Terwyl die situasie 'n dramatiese wending geneem het, hoop die gemeenskap nog steeds om 'n manier te vind om op 'n vreedsame en effektiewe wyse die dwelmprobleem aan te spreek, en veral om die jongmense van die omgewing te beskerm. 'n Optog word gere l wat vandag sal plaasvind, waar 'n memorandum oorhandig word in verband met die dwelm probleem asook, die wantroue in die polisie, en hulle betrokkenheid, tot die saak.

Hierdie artikel is opgestel gebaseer op beskikbare inligting en berigte op die aangeduide datum. Verdere ontwikkelinge in die saak kan later aan die lig kom.

**BIBLIOTEEK OOP**

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**

**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# Noord Vrystaat Meesters kampioenskap

Hierdie afgelope naweek was Bethlehem se bane weer aan die brand met Noord Vrystaat se Meesters Kampioenskapstoernooi.

Hierdie Meesters toernooi was die eerste van sy soort hier in NVS.

Spelers moes 'n Kurrikulum Vitae inhandig met al hul vorige prestasies. Op grond van hierdie prestasies is spelers dan gekeur om te gaan deelneem. Dit is alle prestasies vanaf klub vlak, distrik tot nasionale vlak.

Twee spelers van Heilbron Rolbalklub, Sonja Muller en Hannalie Claassen, was dan ook gekeur om aan hierdie prestige kampioenskap te gaan deelneem. Hierdie kampioenskap was regtig vir die room van Noord Vrystaat spelers. Sonja wen drie van haar 5 wedstryde, terwyl Hannalie twee wedstryde wen.

In enige sport kan jy slegs ondervinding opdoen as jy teen die groot kanonne deelneem, beide Sonja en Hannalie het dit ervaar.

Alhoewel dit miskien 'n harde leerskool is vir relatiewe nuwe spelers, gaan hierdie ondervinding nog van groot waarde wees tydens toekomstige kampioenskappe.

Buiten hierdie kampioenskap het Rudi en Tracy Jacobs ook aan die Driehoek kampioenskap in Welkom deelgeneem. Dit sluit in, Noord-Vrystaat, Noord-Kaap en Suid-Vrystaat.

Tydens hierdie toernooi het Suid-Vrystaat met die beker koers gekies.

Volgende week sal ek hierdie spasie moet gebruik vir JC Pretorius se prestasies daar in Tshipise, dit lyk my hy het omtrent al die trofees daar gewen. Op hierdie stadium is JC se rolbal aan die brand!

Net weer 'n herinnering aan Saterdag se inter-dorp teen Sasolburg en daarna sluit die baan vir drie weke. Dit gee genoeg tyd vir almal om hul batterye te herlaai vir die nuwe seisoen wat voorlê.



*Op die foto vl: Sonja Muller en Hannalie Claassen.*





Hoërskool Heilbron

Administratiewe Klerk

Vereistes:
Rekenaarvaardig & Tweetalig


Beheerliggaam Aanstelling

Aanvangsdatum:
10 Oktober 2023


Sluitingsdatum:
31 Augustus 2023 om 12:00

Rig volledige aansoek aan:
dk@hsheilbron.co.za

Navrae: Mnr. David Knight
Tel: 058 852 3007
epos: dk@hsheilbron.co.za






ICEBERG TRUCK STOP ON THE R57

